# Hillcrest High School

Graad 11

## AFRIKAANS EAT VRAESTEL 3

OKTOBER 2025

**PUNTE:** 100

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

**Inligting en instruksies**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Opstel | (50) |
| Afdeling B: | Lang Transaksionele Skryfstuk | (30) |
| Afdeling C: | Kort Transaksionele Skryfstuk | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke **beplan, redigeer en proeflees**. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| Afdeling A: | 60 minute |
| Afdeling B: | 40 minute |
| Afdeling C: | 20 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie neer.

    (Strydom, Middleton, Henderson, Wessels of Papé.)

## AFDELING A: OPSTEL

**Vraag 1.**

- Skryf ‘n opstel van 250 -300 woorde oor **EEN** van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.
- Jy moet beplanning en ‘n eerste poging wys voordat jy jou FINALE POGING skryf.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opstel neer.

1.1. Dit was die slegste dag van my lewe.

1.2. Ek woon lekker hier in Suid-Afrika.

1.3. Dié vakansie was regtig spesiaal.

1.4. Dis belangrik om ‘n beste vriend/vriendin te hê.

1.5. Ek het iemand gehelp.

1.6. Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1.



1.6.2.



!.6.3.



**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**Vraag 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf dan 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

ʼn Goeie vriend/in van jou het onlangs positiewe veranderinge begin aanbring in sy/haar lewe. Skryf nou ʼn vriendskaplike brief aan die persoon waarin jy vir hom/haar prys oor die veranderinge en hoe dit sy/haar lewe positief begin affekteer.

2.2. **DIALOOG**

Nadat jy per ongeluk ‘n goeie vriend/in baie kwaad gemaak het, probeer jy nou weer om die vrede te herstel. Skryf die gesprek tussen julle twee neer.

2.3. **HULDEBLYK**

Dit is jou ma se vyftigste verjaarsdag. Jou gesin het besluit dat jy die beste persoon is om ‘n huldeblyk by haar partytjie te lewer. Skryf nou die huldeblyk neer.

2.4. **FORMELE BRIEF: KLAGTE**

Jy is baie ongelukkig oor die swak diens wat die munisipaliteit in jou omgewing lewer. Skryf 'n KLAGTEBRIEF aan die Munisipale Bestuurder waarin jy jou ongelukkigheid hieroor uitspreek.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 -100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1. **KORT TEKS BOODSKAP (WhatsApp)**

   Jy is Lien Jooste. Skryf vir Wouter 'n KORT TEKS BOODSKAP (WhatsApp) na jou eerste dag by die werk by *Millenium Creations*. Vertel vir hom van jou takies by die werk en indrukke van Dirkie en Donovan.

2. **PLAKKAAT.**

   Jy is Braam Jooste. Jy moet 'n plakkaat ontwerp wat jy by besighede in die buurt gaan aflaai. Jou O15 krieketspan moet 'n borgskap soek wat julle span se uitrustings en van jul toerusting sal borg. Jou plakkaat moet 80 – 100 woorde beslaan.

   Jy moet duidelik al die besonderhede gee. Jy moet ook die voordele noem van hoe die besigheid daarby sal baat. Gee ook kontakbesonderhede.

3. **RIGTINGAANWYSINGS**

   Wouter wil graag vir Lien ondersteun deur by *Malie se tuin* te gaan eet. Gee vir hom duidelike rigtingaanwysings hoe om van die skool na die koffiewinkel te kom. Noem 'n paar straatname en bakens. Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys, onder mekaar en in volsinne neer.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOAAL: 100**